MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

4 Augustus 2020

OB 20: Hersiene skoolkwartale en rotasie van leerders in kwartaal 3

Beste Ouers

Baie dankie vir u begrip en ondersteuning oor die afgelope maande. Die komende weke gaan steeds uitdagings bied, maar ons sal dit oorkom.

Ek gee graag vir u die stand van sake deur, soos tans daar uitsien:

- Vrydag 31 Julie, is 'n nuwe skoolkalender bekend gemaak, wat die res van die jaar se skoolkwartale uiteensit.
- Op Maandag 3 Augustus, is die nuutste regulasies in die Staatskoerant gepubliseer.
- Verskeie Direktiewe is uitgereik in verskillende Staatskoerante, sedert die oorspronklike infasering van gr. 7 op 1 Junie.
- Een hiervan het skole gemagtig om aansoek te doen om vroeër te heropen, indien alle veiligheidsmaatreëls en protokolle ten opsigte van COVID-19 maatreëls gehandhaaf word.
- Na konsultasie met personeel, die beheerliggaam en 'n meningsopname onder die ouers gedoen is, het ons besluit om aansoek te doen en dit is goedgekeur.
- Die afgelope weke het die skool uitstekend gefunksioneer en kon ons alle nodige protokolle soos wetlik vereis, nakom.
- Skole wat aansoek gedoen het om leerders vroeër te laat terugkeer t.w.v. die noodsaaklikheid van onderrig, mag steeds voortgaan daarmee.
- *Hierdie maatreël is goedgekeur deur die departement van Basiese Onderwys.*
- Die beheerliggaam en personeel het dus die volgende besluit rakende kwartaal 3:
  - Alle personeel moet op 17 Augustus terug wees by die skool. (Departementele vereiste)
  - Al ons personeel is teenwoordig, ons het geen COVID-19 verwante afwesighede nie.
  - Ons glo dit is in die beste belang van ons leerders om voort te gaan met kontakonderrig, in die lig daarvan dat alle veiligheidsmaatreëls in plek is.
  - Ons het daarom besluit om op **17 Augustus te begin met onderrig vir gr. 1-6.**
- **Graad 7:** Hierdie leerders moet reeds op **11 Augustus** terugkeer skool toe, al dui die nuwe hersiene kalender dit nie aan nie. 'n Skermskoot van dié regulasie, word aan die gr. 7-ouers gestuur.
- Ons het kwartaal 2 geëindig met groep A. Ons begin daarom kwartaal 3 met groep B.
- Gr 1- 6 se groep B-leerders, ASOOK GR 7 GROEP B keer terug op 17 Augustus.
- Om dieselfde groepe in al die grade skool toe te laat kom in dieselfde week, gaan gr. 7 groep B, dus 2 weke na mekaar skool toe kom. Hierdie reëling is getref sodat leerders in dieselfde gesin, in dieselfde week skool toe kom.
- 'n Hersiene kalender wat die weeklikse rotasie aandui, word ook vir u gestuur.
- Ouers het die reg om aansoek te doen om tydelike vrystelling van skoolplig, sou u voel om nie u kind tydens die pandemie terug te stuur skool toe nie.

- U moet egter aansoek doen daarvoor, briewe en vorms is reeds verlede kwartaal uitgestuur en kan weer voorsien word op versoek. Om bloot u kind tuis te hou, is onreëlmatig. Volg asb. die riglyne t.w.v. uself.
- Die WKOD doen hierdie goedkeuring en ek stuur u aansoekvorms in na die Departement.

Sou enige nuwe inligting bekend word, sal ons u daarvan in kennis stel. Baie inligting word op sosiale media versprei. Sodra ek die amptelike inligting ontvang, sal ek dit na u versprei. Ek stuur ook vir u 'n videogreep aan deur die WhatsApp-groepe.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
Volg ons op
sparmontagu
023 614 2080